

CHARLES HAUPT

"Die regte plek op die regte tyd" is hoe bronskunstenaar Charles Haupt die gebeure van sy lewe beskryf. Maar sien mens sy werk en ervaar jy die magiese aantrekkingskrag wat daarin opgesluit lê, wil mens tog glo daar was 'n dóél met die slingerpad wat die lewe hom geneem het.

Vandag is Charles aan die stuur van funksionele kuns by die Bronze Age-smeltery-galery in Simonstad waar hy na hartelus sy siel kan uitleef in die ontwerp van funksionele kuns, asook die skep van opwindende nuwe ontwerpe van sy eie.

Toe Charles ses jaar terug sy kursus in Industriële Ontwerp aan die Kaapse Tegnikon voltooi het, was sy plan om twee jaar in Londen te gaan werk. Sy vlug was egter eers vir 'n paar maande later bespreek. Gedurende dié tyd het hy gehoor van 'n nuwe projek by Bronze Age, waar hy gaan uithelp het. 'n Nuwe wêreld het oopgegaan en Charles het die eindelose potensiaal van die gietproses besef. Hy het sy nuwe kennis saamgeneem Londen toe, waar hy sowaar werk by 'n gietery, ook met die naam Bronze Age, gekry het.

Terug in Suid-Afrika sou Charles hoor Bronze Age in Simonstad is gereed om 'n afdeling vir funksionele kuns te begin – presies waar sy hart lê. En dit wat vandag in die smeltery geskep word, kan mens maar sê, is funksionele kuns met 'n kinkel. Dit word gemaak om gebruik te word, maar herinner beslis nie aan die konserwatiewe bronswerk waaraan Jan Alleman gewoond is nie.

"Ons gebruik brons in 'n meer moderne taal – op 'n manier wat relevant is tot vandag. Ons probeer inspirasie uit ons omgewing put – die natuur en land waarin ons woon. Maar ons bly weg van die Afrikastyl af wat mens deesdae oral sien. Ons probeer eerder daarenteen 'n gevoel van Afrika oordra."

Vir Charles is dit ook baie belangrik dat mense aan sy werk wil vat. "Dit moet meer as net visueel mooi wees en daar moet 'n fisiese aantrekkingskrag in die werk wees." Niks gee hom groter plesier as om te sien hoe iemand na sy werk toe stap en daaraan begin voel nie.

En die toekoms? "Ek hoop ek sal eendag ook mense inspireer soos mense my vandag nog inspireer ..."